

## VAN STAMVERWANTE BODEM

Van tyd tot tyd gee die Belgiese Ministerie van Buitelandse Sake, Buitelandse Handel en Ontwikkelingsamewerking nuwe toevoegings tot die reeks *Teksten en Documenten* uit. 'n Deel van nr. 282 van hierdie reeks verstrekk 'n vlugtige oorsig oor die geskiedenis en die kulturele skakeling met ander lande. Ons land is, soos bekend, op laasgenoemde wyse met België verbind.

In die jongste aflewering van *Bijdragen en Mededelingen betreffende de geschiedenis der Nederlanden* (deel 87, af 1.3,1972) beskryf W. Troost en J. J. Woltjer die geskiedenis van die bekende stad Den Briel (Brielle) gedurende die Reformasie. Op kerklike gebied het die Anabaptiste omstreeks 1560 sterk veld in die stad en omgewing gewen, terwyl die eerste Calvinistiese gemeente in 1566 tot stand gekom het. Hierdie gedeelte van die bydrae is vir ons kerkgeskiedenis se agtergrond van belang. Dit bevestig weer eens dat die Calvinisme 'n minderheidsbeweging was. R. de Schryver behandel in 'n ander bydrae 'n gedeelte van die Belgiese geskiedskrywing (indien dit ten minste so genoem kan word) aan die hand van 22 werke van uiteenlopende gehalte wat tussen 1782 en 1872 die lig gesien het binne die grense van die staat wat na 1830 as België bekendstaan. Kenmerkend is die volgende ontboeseming van die skrywer wat so duidelik die wisselende opvattings en die op koers kom van geskiedenis en geskiedskrywing as 'n wetenskap weerspieël: "Alles samengenomen blijkt dus dat het bij onze auteurs van een vaderlandse geschiedenis gaat om een fase uit de ontwikkeling van de historiografie: het gaat om autodidacten zonder wetenschappelijke vorming, om poligrafen die zelden in de eerste plaats en vaak slechts ook aan geschiedschrijving doen, om niet oorspronkelijke geschiedschrijvers, om zakelijke en vrij objectieve chroniqueurs met zijn voor de organische samenhang van het verleden, om romantische vertellers over vooral politieke aangelegenheden, om beoefenaars van een pragmatisch-didactische geschiedschrijving over een verleden dat Grootnederlands kan maar liefst Belgisch zal gezien worden. Hun werken zijn meestal in het Frans gesteld, soms nog in het Latijn, soms reeds in onvertaald Nederlands" (p. 410).

Op pp. 443-444 bespreek prof. dr. W. Ph. Coolhaas die werke van die inmiddels heengegane Suid-Afrikaanse navorser maj. R. Raven-Hart.

Liefhebbers in verband met die geskiedenis van die eertydse Nederlandse koloniale militêre boukunne sal in die uitgawe van Maart 1973 van die in Paramaribo gepubliseerde *Suralco Magazine* (posbus 1810, Paramaribo, Suriname) die geskiedenis van die 17e eeuse vyfhoekige Fort Zeelandia kan lees en kennis met die verdere lotgevallen van hierdie verdedigingswerk kan maak. Onlangs is die fort gerestoureer en as 'n museum ingerig.

Anna Wagner, sedert jare werksaam aan die "Gemeentemuseum", Den Haag, het die inhoud van *Nachbarn* nr. 16, 'n publikasie van die afdeling Kultuursake van die Nederlandse Ambassade, Bonn, aan die Duitse skilder Max Liebermann en sy werk gewy. Liebermann was bevriend met Josef Israëls en ander lede van die Haagse en Amsterdamse skilderskole en het 'n groot aantal van sy taferelre aan Nederland ontleen. Die teks van hierdie studie is in Duits opgestel.

In die artikel "Inleiding tot de tentoonstelling Amsterdam die grote stad" (*Ons Amsterdam*, Maart 1973, p. 66) lê D. G. Carasso, aan die hand van I. J. Brugmans se werk *Welvaart en Historie, tien studiën* (Den Haag, 1950) weer eens nadruk op die feit dat die V.O.C., binne die raamwerk van die sewentiende eeuse Nederlandse handel en skeepvaart geen oorheersende plek ingeneem het nie. Die aantal skepe wat die verbinding met die Ooste onderhou het, was slegs 'n klein gedeelte van die Nederlandse handelsvloot, terwyl die V.O.C. se aandeel ten opsigte van die Nederlandse in- en uitgaande regte in die tydperk 1660-1698 slegs 9 tot 10% van die totaal bedra het.

In die *Fibula-Meemschutreeks* het as nr. 6 J. H. Besselaar se studie *Torens van Nederland* (Bussum, 1972) verskyn. Die skrywer noem Nederland 'n land van torings en gaan sowel torings in die romaanse- as die romaans-gotiese- en die gotiese styl na om daarna voorbeelde van latere stylperiodes te behandel. Hierdie werke, wat aantreklik verlug is, is in alle opsigte deeglik versorg. Die aandag word op die tydperk van die Amsterdamse boumeester Hendrick de Keyser, dié toringontwerper van die begin van die 17e eeu, gevestig. In die loop van dieselfde eeu het die Nederlandse toringbou tydelik tot stilstand gekom. Daarna is weliswaar nog torings gebou, maar oor die algemeen kan hulle die skrywer nie besonder sterk bekoor nie.

In *Plural Societies* (herfsuitgawe 1972) skryf Kurt Glaser oor die onderwerp "Accelerated development and racial peace in Southern Africa" (pp. 57-67), terwyl in die daaropvolgende winteruitgawe van 1972 Newell M. Stultz sy belangstelling

toespits op die onderwerp "South Africa's 'Apartheid' election of 1948 reconsidered" (pp. 25-38). Een van die gevolgtrekkings van hierdie skrywer lui soos volg:

"After 1939 it seemed that the opportunity afforded in 1934 for the development of a united white South African nation through the processes of compromise and what Louis Botha had earlier termed 'conciliation' had been permanently lost, and that white unity, if it were to be achieved at all, would be founded on principles dictated by Afrikaners.

Looking backwards, it seems possible to argue that the success of fusion was of greater importance to the Union of South Africa than was the need in 1939 for immediate South African action against Hitler, especially considering the necessary limited role that was open to South Africa in this regard. From this standpoint, General Smuts — whose decision it was to press the issue — ought instead to have followed his life-long practice in politics and, as President Franklin Roosevelt did at the same time, have 'let things develop' until a consensus 'for war' could be found." (p. 37).

Op p. 35 verklaar dieselfde skrywer: "South Africa's great national crisis' influencing the 1948 election results occurred nine years earlier, on September 4, 1939. It was brought about by General Smuts, and its issue was not racial but South African nationalist."

Hierdie tydskrif word uitgegee deur die "Foundation for the Study of Plural Societies", posbus 3566, Den Haag.

*Omzien in verwondering* is die titel van die tweede deel van die herinneringe van Annie Romein-Verschoor, die weduwee van die bekende Nederlandse geskiedfilosoof en -skrywer prof. dr. Jan Romein. Die vierde druk het in 1971 by die uitgewery *De Arbeiderspers*, Amsterdam, verskyn (pp. 296) en begin by die Meidag in 1940 waarin Nederland deur die Duitse troepe binnegeval is. Die eerste vyf hoofstukke is aan die lotgevalle van die gesin gedurende die oorlogsjare gewy. In 'n volgende hoofstuk spreek die begaafde skryfster dikwels haar afkeuring oor die wyse uit waarop die na-oorlogse Nederland heropgebou is. Die politieke suiwering is slegs gedeeltelik deurgevoer, van die oorlogstydse ideale en gevoel van samehorigheid het nie veel tereggekome nie. In 'n na-oorlogse Rusiese bedreiging het die Romeine nooit geglo nie (p. 132), oor die verskille wat tussen prof. Geyl en prof. Romein in verband met die gekiedednisproblematiek bestaan het, lig die skryfster die lesers op pp. 212 e.v. in. In laasgenoemde verband verklaar die skryfster o.m. op p. 21 (9): "Het was Geyls goed recht — en dat van anderen — Jans wetenschappelijke inzichten te bestrijden, evenals zijn politieke overtuigingen, maar die bestrijding werd onzuiver waar Jan bekrompen en dogmatische wetenschappelijke opvattingen werden toegerekend die niet de zijne waren, maar die uit een al te bekrompen en dogmatische opvatting van het marxisme bij zijn tegenstanders waren afgeleid."

'n Halwe eeu kulturele en maatskaplike geskiedenis van Nederland, gesien vanuit 'n sterk kritiese hoek deur 'n begaafde skryfster wat dikwels haar eie opinies onomwonde uitspreek, laat die leser van hierdie studie dikwels nadink, soms met instemming dan weer afwysend. Dit is een van die belangrikste gevolgtrekkings wat ek uit *Omzien in verwondering* getrek het. Vir dié studente wat, aan ons universiteite die werke van prof. dr. Jan Romein bestudeer, dien hierdie werk as 'n onmisbare gids wat buitengewoon waardevolle agtergrondstof verskaf.

Jan Ploeger.